Social Security Scotland
Tèarainteachd Shòisealta Alba

# Inligting oor die voordele van Social Security Scotland

Social Security Scotland is 'n uitvoerende agentskap van die Skotse regering. Ons help mense in Skotland deur sosialesekerheid-betalings te lewer.

Sosiale sekuriteit is 'n mensereg, en ons diens is daarop gemik om mense met waardigheid, regverdigheid en respek te behandel.

Ons lewer nou voordele aan 'n wye verskeidenheid van mense, insluitend gestremdes, versorgers, jongmense, ouer mense en gesinne.

### Vir mense met kinders onder 16 jaar

Mense wat universele krediet of ander kwalifiserende voordele ontvang, kan moontlik geregtig wees op vyf gesinsbetalings.

**Best Start Grant Pregnancy and Baby Payment (bestebegin-toekenning – swangerskap en babas)**
'n Betaling van £767.50 vir 'n eerste kind en £383.75 vir ander kinders. Mense kan aansoek doen vanaf die einde van die 24e week van swangerskap totdat hul baba 6 maande oud is.

**Best Start Grant Early Learning Payment (bestebegin-toelaag – vroeë onderrig)**
'n Betaling van £319.80 wanneer 'n kind tussen 2 en 3½ jaar is. Mense kan steeds die betaling ontvang as hul kind nie plek by 'n kleuterskool opneem nie.

**Best Start Grant School Age Payment (bestebegin-toelaag – skoolouderdom)**
'n Betaling van £319.80 wanneer 'n kind eers oud genoeg is om met skool te begin. U hoef nie plek by 'n skool op te neem om die betaling te ontvang nie.

**Best Start Foods (bestebegin – voedsel)**
Geld elke 4 weke op 'n voorafbetaalde kaart vanaf swangerskap totdat 'n kind 3 jaar oud is, om gesonde kos te koop.

**Scottish Child Payment (Skotse kinderbetaling)**
'n Betaling van £108.60 elke 4 weke vir elk van u kinders van jonger as 16 jaar.

### Vir jongmense wat die arbeidsmark betree

**Job Start Payment (werkbegin-betaling)**
'n Betaling van £319.80 om mense van 16-24 jaar te help met die koste om met 'n nuwe werk te begin. Beskikbaar vir mense wat sekere voordele vir 6 maande of langer ontvang en terugkeer werk toe nadat hulle werkloos was. Mense met kinders ontvang £511.65.

**Vir mense wat hulp nodig het om vir 'n begrafnis te betaal**

**Funeral Support Payment (begrafnisondersteuning-betaling)**
'n Eenmalige betaling om van die koste van 'n begrafnis te help dek. Vir mense wat universele krediet of ander kwalifiserende voordele ontvang.

**Om mense te help om hul huise te verwarm**

**Child Winter Heating Payment (kinderwinterverwarming-betaling)**
£251.50 een keer per jaar aan gestremde kinders en jongmense wat kwalifiserende voordele ontvang.

**Winter Heating Payment (winterverwarming-betaling)**
'n Jaarlikse betaling van £59.75 wat outomaties betaal word om mense te help wat sekere voordele ontvang.

**Vir versorgers**

**Carer Support Payment (versorgerondersteuning-betaling)**
Geld om mense te help as hulle 'n onbetaalde versorger is. Hulle kan £83.30 per week kry as hulle in aanmerking kom.

**Carer's Allowance Supplement (versorgerstoelaag-aanvulling)**
'n Ekstra betaling vir mense wat versorgerondersteuning-betaling kry. Dit word outomaties betaal.

**Young Carer Grant (jongversorger-toelaag)**
'n Betaling van £390.25 een keer per jaar vir 16-, 17- en 18-jariges wat iemand versorg wat 'n gestremdheidsvoordeel vir ongeveer 16 uur per week ontvang.

**Vir gestremdes**

**Child Disability Payment (kindergestremdheid-betaling)**
Geld om te help met die ekstra koste om 'n kind te versorg wat gestremd is, terminaal siek is of 'n langtermyn-gesondheidstoestand het.

**Adult Disability Payment (volwassenegestremdheid-betaling)**
Geld om te help met die ekstra koste daarvan om gestremd te wees, 'n langtermyn-gesondheidstoestand te hê of terminaal siek te wees.

**Pension Age Disability Payment (pensioenouderdom-gestremdheid-betaling)**
Ekstra geld vir mense wat staatspensioenouderdom bereik het en versorgingsbehoeftes het weens gestremdheid of 'n langtermyn-gesondheidstoestand, of wat terminaal siek is.

**Hoe doen ek aansoek?**
Besoek **mygov.scot/benefits** om aanlyn aansoek te doen. Of skakel ons gratis by **0800 182 2222** om aansoek te doen oor die telefoon, om 'n papier-aansoekvorm te versoek, of om 'n afspraak te bespreek om persoonlike ondersteuning te kry op 'n tyd en plek wat vir u pas.

## Hoe kan mense ons kontak?

- Skakel ons gratis by: 0800 182 2222
- Teksdeurstuur-diens: 18001 +0300 244 4000 (vir hardhorendes)
- Gebruikers van Britse gebaretaal: contactscotland-bsl.org
- Webklets: chat.socialsecurity.gov.scot

Volg Social Security Scotland